

Saak 407/1993

IN DÍE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPeLAFDELING)

Indiesakussen

CRAIG BRITS

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

Hof: Joubert, Nestadt en Harms ARR

Verhoor: 12 September 1994

Uitspraak: 26 September 1994

UITSPRAAK

---

Harms AR:

Die appellant is aan strafbare manslag skuldig bevind in die streekhof, Germiston en tot 5 jaar gevangenisstraf (waarvan 1 jaar opgeskort is) gevonniss. Sy appèl na die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling was deels suksesvol: die helfte van die gevangenisstraf is opgeskort. Hy appelleer tans met die verlof van die hof a quo (Goldstein R en Tselentis Wnd R) teen sowel sy skuldigbevinding as vonnis.

Op 27 Oktober 1990 het die oorledene (Pieter Cordier) sy mondigwording aan die huis van vriende gevier. Die appellant het vroegeand per motor opgedaag om sy vriendin, met wie hy skynbaar kort vantevore 'n uitval gehad het, te oorreed om die partytjie te verlaat en om hom te vergesel. Ietwat van 'n kommosie het in die straat ontstaan en die oorledene se vader, Cordier snr, het die appellant daaroor aangespreek. Na bewering van die staat het die appellant vir Cordier snr gevloek waarop hy

die appellant deur die gesig geklap het. (Die appellant het beweer dat hy sonder provokasie geklap is - iets wat moeilik te glo is.) Die appellant is daarop weg en het gaan poog om 'n aanklag teen Cordier snr aanhangig te maak. Omdat die polisie twyfel oor sy nugterheid gehad het, het hulle hom gevra om, as hy nugter is, terug te kom. Hy is egter versoek om na die toneel te gaan waar die polisie hom sou ontmoet en poog om die saak op te klaar. Die appellant was nie hiermee tevrede nie en terwyl die polisie na die Cordiers is, het hy sy lot by sy moeder, mev Brits, gaan bekla.

Wat presies by die Britse aan huis gebeur het, is onduidelik omdat veral mev Brits teenstrydige getuienis oor hierdie aspek gelewer het. Hoe dit ook al sy, óf sy óf die appellant het daarop aangedring om die saak met die Cordiers te gaan opneem. Brits snr het skynbaar tevergeefs teenstand probeer bied en op die ou einde is pa, ma, die jonger broer en die appellant na die aanrandingstoneel. Met hulle aankoms aldaar, het die ouerpaar en die

broer voor geloop en het die appellant kort op hulle hakke gevolg. Mev Brits het die woord gevoer. Die antagoniste was Cordier snr, sy vrou, hulle dogter (mev De Bruin) en die oorledene. Cordier snr het teenoor die Britse erken dat hy die appellant geslaan het, hy het sy optrede probeer verduidelik en het 'n verskoning aangebied. Mev Brits was nie beïndruk nie en die argument het voortgeduur. Cordier snr het toe skynbaar sy humeur verloor en die Britse uitgedaag om hom te slaan.

Na die verloop van die gebeure direk hiema, keer ek binnekort terug omdat die geruïnis botsend is. Hoe dit ook al sy, die appellant het die oorledene twee messteke met 'n dolk toegedien en die oorledene is in die loop van die nag op die operasietafel as gevolg daarvan dood.

Direk nadat die appellant vir die oorledene verwond het, het hy gepoog om met die motor weg te kom maar Brits snr het hom verhoed. Die

appellant het gedreig om 'n vuurwapen te gaan haal om die ander te skiet. (Mev Brits het hierdie getuienis betwis.

Volgens haar was sy bang dat die appellant homself om die lewe sou bring. Feit is egter dat die appellant nie hierdie

getuienis wou weerspreek nie. Ook het Brits snr nie getuig nie.) Hy het toe weggehardloop. Later die nag het hy toe met

sy vader by die polisie opgedaag om homself oor te gee.

Aangesien die enigste verweer een van noodweer is, is dit nodig om in meer besonderhede met die getuienis ten aansien van die gebeure rondom die messtekery te handel. Dit word egter in gedagte gehou dat

dit vir die staat is om te bewys dat die noodweer objektief nie bestaan het nie of dat dit oorskry is.

Die landdros het die appellant se beroep op noodweer verwerp. Sy uitspraak, wat nie in alle opsigte volledig gemotiveer is nie, het op die

volgende neergekom: hy was van oordeel dat, ten spyte van die teenstrydighede tussen die getuienis van die onderskeie staatsgetuies, hulle nogtans geloofwaardig was. Hy het geen aanduiding van 'n samespanning gevind nie. Die botsings was, na sy oordeel, toe te skryf aan die emosie betrokke, die omstandighede wat geheers het, die onverwagtheid van die messteke, en die tydsverloop tussen die gebeure en die verhoor. Hy was van mening dat die objektiewe feite staving aan die staatsgetuies se getuienis verleen het en nie met die appellant se weergawe te versoene was nie. Sy getuienis was te vol weersprekings om van waarde te wees. En ten slotte, op die appellant se eie weergawe het hy nie in noodweer opgetree nie.

Aangesien die landdros in eerste instansie die beoordelaar van die feite is, kan die appellant se appèl teen sy skuldigbevinding alleen slaag indien aangetoon word dat die landdros in wesenlike opsigte gefouteer het

in sy benadering tot die getuienis. In hierdie verband het die advokaat namens die appellant besonder volledige betoogshoofde voorberei en daarin, asook tydens betoog, was die kern van haar aanval op die landdros se bevindinge dat hy nie die weersprekings tussen die getuies na waarde getakseer het nie - die weerspreking sou so wesenlik wees dat geen skuldigbevinding aan die hand daarvan moontlik sou wees nie.

Ek is nie van voorneme om die staatsgetuies se getuienis weereens in die mate onder die loep te neem as wat die advokaat sou wou hê nie. Hulle getuienis oor die fatale oomblikke kom in kort daarop neer dat nadat Cordier snr die uitdaging gerig het, het van die Britse met hom handgemeen geraak. Die appellant het toe, bewapen met sy dolk, op hom afgestorm. Die oorledene moes dit bemerk het en het met woorde wat daarop gedui het dat hy sy vader wou beskerm, tussen sy vader en die appellant inbeweeg. Die appellant het toe die oorledene op een of ander

manier vasgegryp en met die dolk gesteek.

Van kardinale belang is die aard en posisie van die messteke. Die een is aan die linkerblad agter die oordele se rug toegedien. Dit het die long en hart gepenetreer. Die ander was onder die linkerarm. Vanweë mediese ingrype was dit nie moontlik om die roete van lg wond met enige mate van sekerheid vas te stel nie. Hierdie feite is alleen versoenbaar met die weergawe van die gebeure deur mev De Bruin. Dit is so dat Cordier snr oor heelwat wat sy getuig het, niks gesê het nie. Op daardie stadium was hy egter met sy eie skermutseling betrokke. Hy is ook nie daaroor uitgevra nie. Mev Cordier se beskrywing van die gebeure is, mi, nie betroubaar genoeg om 'n wesenlike bydrae tot die uitslag te maak nie en ek verkies om liefs nie te veel op haar te steun nie. Daarmee word nie te kenne gegee dat sy ongeloofwaardig was nie. Inderdaad is daar talle kleiner aanduidings wat oteenseglik op geloofwaardigheid toon, soos bv die rondborstige erkenning



dat die Cordiers se optrede deels vir die tragiese gevolge verantwoordelik was. Omdat dit egter haar seun was wat gedood is, kan aanvaar word dat sy meer emosioneel betrokke sou wees en dat dit haar betroubaarheid as getuie kon geaffekteer het.

Om mev De Bruin se getuienis van krag te ontdoen, is betoog dat daar 'n redelike twyfel bestaan of sy die gebeure hoegenaamd waargeneem het. Die grondslag van die betoog was haar stelling in hoofgetuienis dat sy na die gebeure en in geskokte toestand met kragwoorde navraag gedoen het oor wie die oorledene gesteeek. In die samehang van haar getuienis is dit duidelik dat dit om die booswig se identiteit gegaan het. Die appellant se prokureur het nooit haar weergawe dat sy die gebeure waargeneem het, betwis nie. Daar is ook geen ander sinvolle rede aan ons voorgehou waarom die landdros gefouteer het deur haar getuienis te aanvaar nie.

Die res van die betoog het ongelukkig dikwels mank gegaan aan 'n objektiewe

beoordeling van die getuienis en is kwistig gespekuleer aan die hand van onbewese feite. Daarom ag ek dit nie nodig om die betoog in meer besonderede te behandel nie.

Let mens op die verdedigingsaak, is die weergawe namens die appellant gestel, die volgende gewees: toe hy die toneel genader het, het Cordier snr, die oorledene en 'n derde op hom afgestorm. Hulle het hom in so 'n mate aangerand dat hy mediese behandeling moes ondergaan. 'n Geneesheer sou ter staving getuig. Ander het tot die aanval toegetree en hom gepak. Ten einde die aanvallers af te skrik, het hy die mes gebruik en die oorledene waarskynlik raakgesteek.

Die appellant se getuienis, daarenteen, was dat Cordier snr vir Brits snr aangeval het; 'n groep mense, waaronder die oorledene, het daarop na hom toe beweeg. Hy het 'n redelike ent teruggeval. Hulle was ongewapen.

Toe begin die mense - hy wis nie wie huile was nie - sonder om 'n woord te sê of om hom te dreig, om hom te slaan. Hy het die mes uitgehaal om homself te verweer. Hy het bloot die mes in die middei vasgehou en rondgeswaai en het nie na enigeen gestee nie. Hy kon nie enige verduideliking gee waarom die oorledene steekwonde opgedoen het nie, maar veral nie hoe dit gebeur het dat dit op die rug en onder die arm was nie.

Op mev Brits se geruïenis het die advokaat, heel tereg, nie staagemaak nie. Haar weergawe hou geen verband met wat óf die staatsaak óf die verdedigingsaak was nie. Brits s'n is nie geroep nie. So ook nie die geneesheer nie. Teen die objektiewe feite en mev De Bruin se getuïenis wat in wesenlike opsigte gestaaf is, was daar dan net die appellant se patetiese verduideliking. Na my oordeel was die landdros se gevolgtrekkings volkome regverdigbaar.

Die hof a quo het met die getuienis in besonderhede gehandel en het 'n aantal objektiewe feite gelys wat onteenseglik daarop dui dat die staat se weergawe bo redelike twyfel waar en die appellant s'n onwaar was. Omdat ek van oordeel is dat die uitspraak in daardie opsig juis is, is dit nie nodig om dieselfde gebied weereens te dek nie. Dit volg dan dat die appèl teen die skuldigbevinding afgewys moet word.

Wat vonnis betref, is reeds daarop gewys dat die hof a quo met die landdros se vonnis ingemeng het deur 'n groter gedeelte van die gevangenisstraf op te skort. Die rede daarvoor was dat die hof van mening was dat, in die lig van die appellant se persoonlike omstandighede (tw jeugdigheid en 'n gebrek aan vorige veroordelings) en die mate van provokasie deur Cordier snr, dit meer gepas sou wees om die helfte van die vonnis op te skort. Die betoog dat die appellant geen effektiewe gevangenisstraf behoort te ondergaan nie, is verwerp en wel om die

volgende redes:

"In the event I am satisfied that the magistrate correctly concluded at page 196 of the record that the interests of society and the seriousness of the offence outweighed the personal circumstances of the appellant and that a period of imprisonment had to be imposed. When ail is said and done, the appellant took the life of a young man in a brutal attack with a dangerous weapon. This was such a serious offence that a failure to impose a sentence of imprisonment may bring the legal system into discredit with society at large."

Voor ons is betoog dat gemeenskapsdiens 'n behoorlike vonnisopsie is en is verwys na S v Abraham 1990 (1) SASV 172 (K). Dit was 'n geval van 'n 18-jarige wat 'n klip gegooi het tydens 'n oproer. Die hof het toe,

tereg, geoordeel dat gemeenskapsdiens 'n gepaste vonnis daar sou stel. Daar is egter geen verband tussen daardie saak en die onderhawige nie. Dit is verder met verwysing na dieselfde saak aan ons voorgehou dat die aangeleentheid terug verwys behoort te word na die landdroshof ten einde 'n proefbeamte-verslag te bekom. Natuurlik is dit verkieslik dat so 'n verslag bekom word alvorens effektiewe gevangenisstraf op 'n jeugdige opgelê word. In die huidige geval was die appellant regsverteenvoerdig. Geen verslag is tydens die verhoor aangevra nie. Mens sou verwag het dat indien so 'n verslag enigiets tot die guns van die appellant sou kon oplewer, die regsverteenvoerders teen dié tyd (bykans 3 jaar na die vonnisoplegging) een ter beskikking sou gehad het. Daar is geen rede om te vermoed dat 'n verslag enige verskil aan die gevolgtrekking dat gevangenisstraf die gepaste vonnis is, sou maak nie.

'n Altematiewe betoog was dat, hoewel korrektiewe toesig nie 'n

beskikbare vonnis-opsie was toe die saak in die landdroshof en die WPA gedien het nie, dit tans oorweging behoort te geniet. Hoewel die betoog op die oog af aantreklik is, moet dit faal omdat hierdie moontlikheid slegs dan oorweeg kan word indien die hof wat die diskresie tav vonnis uitgeoefen het (die hof a quo), nie sy diskresie behoorlik uitgeoefen het nie (S v R 1993 (1) SA 476 (A) 485H-486B). Dat dit gebeur het, is mi nie aangetoon nie.

Die appèl word bygevolg afgewys.

LTC HARMS AR

JOUBERTAR en

NESTADTAR stem saam